Seilvernuf

"Daar is 'n reël in seil wat bepaal dat die meer beweeglike skip ruimte moet maak vir die minder beweeglike vaartuig. Ek dink dit is somtyds 'n goeie reël om te volg in menseverhoudings ook."
- *Joyce Brothers*

Doelwit: Om die Verkenner se bestaande kennis en vaardighede uit te brei om 'n seilboot te hanteer, om hom so-doende in staat te stel om kompeterend te kan deelneem aan regattas.

Weergawe: 2009

Datum: Januarie 2009

Begronding

Voortrekkerkode:
9: 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10: 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Die kennis wat die Verkenner reeds in die Seilkuns spesialisasie verwerf het, word hier uitgebrei. Deur die nodige kennis op te doen om op 'n gesonde, kompeterende basis deel te neem aan regattas, op 'n wyse waar daar binne die reëls van die wedvaart opgetree word, leer die Verkenner belangrike lewensvaardighede aan.

Aanbiedingsmetodes

Tydsduur:	3 dae	Graadgroep:	8 - 12
Voorvereistes:	Seilkuns spesialisasie.		
Aanbieding:	Die aanbieding van die spesialisasie hoef nie aaneenlopend te wees nie.		
Toekennings instansie:	Kommando, Gebiedskamp		

Uitkomste

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. Alle vereistes vir Seilkuns hersien.
2. Verskillende tipes bote wat in die seilarena gebruik word kan uitken.
3. Knope wat spesifiek op 'n seilboot/seiljag gebruik word kan maak.
4. Vertroud wees met reddingstoerusting wat op 'n boot moet wees en dit kan gebruik.
5. Vertroud wees met die optrede in 'n noodsituasie en tydens bootherwinning (meer spesifiek die terugkeer van 'n boot sonder 'n kiel, wat omgeslaan het).
6. 'n Omgeslane boot kan herwin.
7. Verstaan watter dele van die boot belangrik is vir bootspoed.
8. Die verskillende dele van die boot wat bootspoed kan verhoog kan gebruik om die bootspoed te verhoog.
9. Weet hoe die vorm van die seil verander kan word om die bootspoed te verhoog en dit kan toepas.
10. Die vaarreëls wat gebruik word in regattas ken en kan toepas.
11. Deelneem aan 'n regatta.